Groete uit die Sinodehuis

24 Maart 2020

Kollega,

Ek weet nie of ons al sedert die Tweede Wêreldoorlog krisisomstandighede met die omvang van die huidige Covid19-pandemie beleef het nie. Daarby is ons almal onkundig oor hoe om daarop te reageer, want ons ken dit nie. Skielik is daar nuwe vrae op die tafel. Waarskynlik sou niemand van ons op 1 Januarie vanjaar kon dink dat ons drie maande in die pad af op hierdie punt sou wees nie… en omdraai is daar nie!

Verlede jaar was daar 'n program op die televisie met die titel: "Op die Spel". Hierdie program het vir deelnemers die geleentheid gegee om hulle spelvaardigheid te toets. Miskien is die titel dalk in hierdie dae veelseggend. Wat is regtig op die spel vir ons land, vir die wêreld, vir die kerk? Dalk gaan die pandemie ons help om weer by die essensie van dinge uit te kom, om rantsake wat ons dikwels uitmekaar uit dryf, eenkant toe te skuif.

Op 'n taalnoot: My skoolhoof het gedurende my graad elf jaar my sensitief gemaak vir die gebruik van die woord "ongelooflik", en of dit regtig by gelowiges pas. Hoewel ons dit gewoonlik nie in 'n geloofskonteks gebruik nie, maar eintlik net om ons verwondering oor iets te verwoord, moet ons dalk 'n slag weer daaroor nadink.

Dalk vra die huidige tyd juis van ons om versigtig met ons woorde om te gaan. Geloofsuitsprake mag God nooit kleiner maak as wat Hy is nie. Dit mag egter ook nooit onverantwoordelikheid bevorder nie. Vertroue en gesonde verstand is nie teenpole van mekaar nie.

Dalk daag die huidige tyd ons uit om as kerk uit ons gemaksones te kom, om nuut te dink oor eredienste, om nuut te dink oor ware omgee en versorging, om nuut te dink oor hoe ek, dalk goed bedoel, 'n ander onwetend benadeel, en om nuut te dink oor wat rêrig op die spel is… Mag hierdie tyd jou persoonlik diep raak en konkreet vlerke gee aan jou roeping!

Groete tot 'n volgende keer. Pas jouself mooi op!

082 653 5734
paul@noordsin.co.za